



'n Getransformeerde Gemeenskap.....?
Is dit net 'n fabel . . . 'n onwerklike droom?
Is dit regtig moontlik om 'n gemeenskap
wat vernietig word deur haat, misdaad,
korrupsie, dwelms, geweld en
immoraliteit, radikaal te verander”?

Veronderstel wat die impak sou wees as
gelowiges die verantwoordelikheid
opneem en letterlik die strate invaar met
Gebed, Omgee en Aksie!

Om jou gemeenskap lief te kry en werklik verandering te bring, begin by JOU! . . . Wanneer jy vir die mense wat in jou straat bly begin bid.

Gebed verander nie net die geestelike atmosfeer van ons woonbuurte nie, maar maak die deur oop vir geestelike deurbrake . . . en vernietig die mure van verdeeldheid

Om jou “*naaste lief te hê*” kom in alle vorms en soorte. Gebed vir ons bure is die **VOETSOOLVLAK GEBED** wat deel is van die belangrikste katalisators om die vure van herlewering en transformasie aan die brand te steek in ons gemeenskappe.

H-O-P-E (Houses Of Prayer Everywhere)– 'n baie eenvoudige strategie om te bid vir ons strate en om die boodskap te versprei aan ander totdat elke straat in die land gevul is met gebed.

- **REGISTREER** jou straat:
 - Besoek die webwerf: www.adopt-hope.co.za
OF
 - Stuur 'n Whatsapp of SMS na **072 412 7378** met jou naam, jou straat naam en gemeenskap/dorp/stad bv Suzie Brown, Langstraat, Strand
- Deur jou straat te registreer verbind jy jouself om te begin bid vir jou straat, bure en omgewing. Dit kan op verskeie maniere gedoen word bv.
 - *Prayerwalk* jou straat
 - Kies 2 of 3 huishoudings in jou straat en begin om gereeld vir hulle te bid.
 - Laat weet hulle dat jy bid en vra hulle om aan te sluit.

Gebedsgidse om jou te help is beskikbaar op die webwerf of kan verkry word by Pneumatix Transformasie Sentrum.

- Raak sigbaar deur die **Rooi H-O-P-E Posbus** buite jou huis op te sit, wat verkrygbaar is by Pneumatix Transformasie Sentrum. Hierdie is 'n bewusmakings proses, nie net vir die mense in jou straat nie maar ook vir die wat verby ry. Laat weet jou bure dat hulle enige tyd gebedsversoeke in die Rooi Posbus kan plaas.

Sodra ons begin om te bid vir ons strate sal dit nie net Christus na ons gemeenskappe neem nie, maar sal die deure vir sosiale sowel as geestelike deurbrake ook oop gemaak word. Gebed maak die deur oop vir ons, dit skep geleenthede, en dit bevry van vestings van die vyand.

Gebed en aksie gaan hand aan hand, en kan mense en gemeenskappe verander.

Ons droom is die gehele Transformasie van ons gemeenskappe ...

Ons wens is:

- Dat die lewens van die mense in ons gemeenskap **verander**.
- Dat hulle moet **verstaan** dat God 'n doel en 'n plan het vir hul lewens – dat hulle 'n verskil kan maak.
- Om 'n impak te maak in strategiese gemeenskappe deur die bou van verhoudings en om maniere te vind om in hulle behoeftes te voorsien deur twee eenvoudige bestanddele:
 - **konsekwentheid**
 - **diensbaarheid**

ADOPT-a-BLOCK

Sodra jy jousef verbind het om te bid vir jou straat en buurt sal Adopt-a-Blok dit moontlik maak vir ons **ALMAL** om te sien hoe verandering kan kom na ons gemeenskappe in ons leeftyd ... jy is nou God se Sendeling in jou straat.

In plaas daarvan om te probeer om die hele stad te bereik, word jy getrou in jou gemeenskap. Hier is hoe:

- ⇒ **Fase 1:** As 'n HOPE Agent ... **Prayerwalk** jou straat en blok ten minste een keer 'n week
- ⇒ **Fase 2:** **Tel enige vorm van gemors** op terwyl jy om die blok stap
- ⇒ **Fase 3:** **Begin mense in jou straat groet en wees vriendelik** met hulle ten einde verhoudings met hulle te bou en uit te vind wat hul behoeftes is. Dit sal tyd neem. Onthou, **konsekwensie** is 'n noodsaaklike komponent vir hierdie strategie
- ⇒ **Fase 4:** Kyk na jou omgewing en let op vir areas / huishoudings wat **aandag en liefde nodig het**

Hierdie projek is NIE vir die lui of “sissie” Christen of person nie ...

Dit gaan oor: **Werk; Deernis; Verhoudings**

- Voorbeelde van pamflette / briewe wat jy in jou bure se posbus kan los, om kennis te maak en inligting oor die Rooi H-O-P-E Posbus, is beskikbaar op die webwerf
- Op elke laaste Vrydag van die maand (ons noem dit **Neighbourhood Friday**) sal jy 'n nuusbriewe ontvang wat basiese **Gebeds** behoeftes deel vir ons gemeenskappe, voorstelle oor hoe om **om te gee** vir jou bure, hoe om Jesus met hulle te **Deel** en 'n paar getuienisse van antwoorde op gebed, sal bevat. Hierdie nuusbriewe sal ook inligting oor enige gemeenskaps inisiatiewe vir die komende maand bevat.

Neighbourhood Friday kon ook 'n dag wees waarop jy as 'n Straat of blok bymekaar kan kom vir 'n braai, vir koffie of net om saam met mekaar te bid.